# Studiebrief 201/2/2018

# DIE OPVOEDER AS ONTWIKKELAAR VAN LEERPROGRAMME

# EDDHODJ

# Semester 2

# Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies

**BELANGRIKE INLIGTING**

Hierdie studiebrief bevat terugvoering oor werkopdragte 01 en 02.

Define tomorrow.

UNISA university of south africa

Open Rubric

Geagte Student

Hierdie studiebrief bevat terugvoering oor **werkopdragte 01 en 02**.

Die meeste werkopdragte wat ek van studente ontvang het was van besonder hoë standaard. Dit is vir my duidelik dat u baie moeite met die beantwoording daarvan gedoen het. Dankie daarvoor.

**TERUGVOERING OOR WERKOPDRAG 01**

**Weropdrag 01 is deur die werkopdragte afdeling gemerk met behulp van 'n rekenaar en u het die korrekte antwoorde is saam met u werkopdrag ontvang. Indien nie, kontak asseblief die werkopdragte afdeling.**

Studente het gekla dat hulle nie die inligting kon kry om sommige vrae te beantwoord nie. Ek verwys u na die spesifieke bladsye in die Afikaanse voorgeskrewe handboek waar u die antwoorde op sommige van daardie vrae kan kry:

Vraag 16 (lees bl 109, 4.7 - samesnoering dui op 'n samevatting, lees ook bl 116, 4.7.9)
Vraag 17 (lees bl 38, 2.4)
Vraag 21 (bl 36 … om onderwys en opleiding bymekaar te bring, dus AOO, VOO en HOO)
Vraag 25 (algemene kennis, elke kind is tog uniek
Vraag 26 (bl 109, 4.7 - gebruik om onderrig en leer vir 'n volgende siklus te verbeter)
Vraag 27 (algemene kennis – dis tog om klaswerk toe te pas)
Vraag 29 (bl 104, 4.6.6)
Vraag 30 (dis eintlik logika, maar lees bl 121, 4.9. Kyk na die manier hoe die vraag gevra is)
Vraag 31(ook 4.7 – gee eers die ander leerders kans om te antwoord!),
Vraag 32 (Van 4.4.1 op bl 89 – 90 is dit duidelik dat lessteunmateriaal gebruik word om die kurrikulum aan te vul)
Vraag 34 (bl 110, 4.7.1 en bl 128, 4.9.2.1 – dis duidelik dat leerders moet weet wat van hulle verwag word en waarom)
Vraag 39 (dis 'n logiese interpretasie – dit dui tog op akademiese vaardighede)

**TERUGVOERING OOR WERKOPDRAG 02**

Ek vertrou dat u dit geniet het om hierdie werkopdrag te voltooi. Ek besef dat hierdie werkopdrag dat 'n bietjie moeilik was.

**Vraag 1**

U taak is om 'n opstel in antwoord op die volgende vraag te skryf:

*As 'n interpreteerder van die kurrikulum en 'n ontwikkelaar van leerprogramme, is dit onvoldoende vir die opvoeder om 'n eng definisie van die begrip "kurrikulum" te verskaf.*

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van drie tot vier bladsye.

In u antwoord moet u die verskillende maniere waarop "kurrikulum" begryp word beskryf, asook hoe hierdie verskillende begrippe op sommige maniere met mekaar verband hou.

Onthou dat "kurrikulum" (beide as voorskrif en in die praktyk) nie neutraal is nie, maar waardes dra en 'n politieke kwessie is. Gebruik voorbeelde uit die voorgeskrewe boek en uit u eie ervaring om u punte te illustreer.

**Riglyne:**

- Hierdie was 'n 'oop' vraag
- 'n Indrukspunt was toegeken volgens eie interpretasie, verskillende definisies en benaderings, verwysing na enige beleidsdokumente en vir die bespreking van plan en praktyk, soos:

**Die konsep "kurrikulum": Beplan en pas toe.**

**Verskillende definisies van "kurrikulum"**

Definisies raak baie moeilik, veral wat betref abstrakte konsepte, omdat mense gewoonlik verskillende interpretasies van dieselfde woorde het. 'n Verduideliking van wat "kurrikulum" kan op 'n algemene vlak onderskei word in terme van dit wat by die beskrywing ingesluit en/of uitgesluit word. Die ouer, enger definisie verklaar dat wanneer ons 'n kurrikulum wil bestudeer, ons na die kurrikulumplan, d.w.s. die dokument of die geskrewe plan van wat, hoe en waarom iets geleer moet word, moet kyk. Dít definieer "kurrikulum" dus eintlik as 'n "studiekursus" of "studieprogram", terwyl 'n breë definisie 'n meer omvattende konsep is wat al die leermoontlikhede insluit en wat in 'n historiese perspektief binne sy sosio-politieke konteks gesien kan word. Eng definisies bevorder waarskynlik 'n begrip van kurrikulumverandering as 'n beperkte en grootliks tegniese taak. Breër definisies van kurrikulum wat beide verlangde en onverlangde leer erken, en wat kurrikulum sien as 'n sosiale konstruk, impliseer daarteenoor 'n sterker sin van die kompleksiteit van die kurrikulum en/of veranderingsprosesse. Dit beteken dat 'n bepaalde gemeenskap se kultuur 'n bepaalde soort kurrikulum sal vervaardig, wat weer op sy beurt ook by sal dra tot die vorming van daardie bepaalde gemeenskap en sy kultuur. Hierdie gemeenskaplike invloed is voortdurend, en daarom kan 'n mens nie dink aan die kurrikulum en die sosiale struktuur as totaal aparte entiteite nie. As ons na die Suid-Afrikaanse situasie sou kyk, kan ons aanvaar dat die volgende sosiale strukture 'n invloedryke uitwerking op die Suid-Afrikaanse kurrikulum gehad het:

- Die veranderende ekonomiese betrekkinge in die oorgang van 'n landelike na 'n industriële ekonomie
- Die verskuiwende magsverhoudinge beide binne en tussen magsgroepe met betrekking tot die ekonomiese veranderinge
- Die verskuiwings in regeergroepideologie wat deur die veranderinge genoodsaak is en daartoe bygedra het

Verwys na outeurs soos: Eisner (1985), Fraser (1993), Grundy (1987), Goodson (1984 en 1989) en Goodman (1998) uit u voorgeskrewe boek in hoofstuk een.

Hierdie debat oor die interpretasie van "kurrikulum" kom 'n lang pad. Die volgende definisies kan dalk van nut wees:

1. **Offisiële, eksplisiete kurrikulum:** Hierdie is die voorgeskrewe kurrikulum wat die offisiële, formele kurrikulum is en wat ook as die "bloudruk" van onderwys beskryf word. Dit word ook beskryf as die kurrikulum of plan of die voorneme van byvoorbeeld die Department van Onderwys. Dit beteken dat 'n enekele plan vir verskillende leerders gebruik kan word, alhoewel die kontekste heelwat kan verskil.

2. **Kurrikulum in praktyk:** Hierdie kurrikulum is die werklike geoefende of toegepaste kurrikulum. Met ander woorde, dit verwys na hoe die kurrikulum deur beide die leerders en opvoeders beleef word. Daar word ook daarna verwys as die **nie-amptelike, implisiete kurrikulum** soos wat deur 'n opvoeder geïplementeer word. Dit kan dus verwys na dít wat eintlik onderrig en geleer word. Opvoeder A se les, byvoorbeeld, demonstreer dat dít wat eintlik onderrig word, heelwat kan verskil van dít wat beplan is. **Kurrikulum in praktyk** verwys na die verskynsel waar, afgesien van misverstande tussen opvoeders, 'n tekort aan hulpbronne, ensovoorts inbraak maak op die opvoeder se vermoë om 'n kurrikulumplan doeltreffend te implementeer.

3. **Verskuilde kurrikulum** (as 'n aspek van die kurrikulum): Die term "verskuilde" word gebruik om die idee van onderrig wat implisiet (nie uitgestippel nie), maar doelbewus aan die kant van die opvoeder of die skool is, oor te dra. Hierdie is veral belangrik in die vroeër skooljare waar aspekte soos "bedagsaamheid teenoor ander", "orde en gehoorsaamheid", "spanwerk en samewerking" die fokuspunte is. Die "speel" in die vroeër skooljare is 'n doelbewuste kurrikulumstrategie om belangrike houdings en vaardighede soos fyn motoriese vaardighede, ruimtelike differensiasie en verskeie voorgesyferdheidsvaardighede te ontwikkel.

4. **Ongeskrewe kurrikulum** (as 'n aspek van die kurrikulum): Die term "ongeskrewe" verwys na leer wat versteek is van die opvoeders sowel as die leerders. Hierdie is 'n ander vorm van implisiete leer wat die opvoeders nie bedoel het nie, of selfs nie eers bewus van is nie. Die soorte omgewings wat skole en klaskamers ons bied, laat ons indirek toe om baie dinge oor die wêreld te leer, of om verskillende perspektiewe van die wêreld te het.

5. **Geassesseerde kurrikulum:** Dit is die kennis en vaardighede wat gemeet word om leerderprestasie te bepaal of om vas te stel watter doelwitte of leeruitkomste bereik is. Assessering is 'n belangrike deel van die kurrikulum, aangesien dit bepaal hoe leerders se prestasie gemeet word.

**(20)**

**Vraag 2**

*Die betekenis wat aan die begrip "kurrikulum" geheg word, het 'n invloed op die ontwikkeling van 'n kurrikulum in 'n bepaalde konteks en tydraamwerk. Ontleed hoe Tyler, Stenhouse en Freire se benaderings tot kurrikulumontwerp tydens die* ***ontwerp, interpretasie en implementering*** *van Kurrikulum 2005 in Suid-Afrika gebruik is, in sowel hersiene weergawes en die gewysigde Nasionale Kurrikulumverklaring, wat ook as die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV/CAPS) bekend staan.*
***Assesseringskriteria***

*U antwoord word aan die hand van die volgende kriteria beoordeel:*

- *Het u na die* ***transformasie*** *van onderwys en opleiding verwys?*
- *Het u die begrip "kurrikulum"* ***gedefinieer****?*
- *Het u breedvoerig onderskei tussen die* ***drie verskillende benaderings*** *tot kurrikulumbeplanning?*
- *Het u die* ***verband*** *tussen die drie verskillende benaderings tot kurrikulumontwikkeling in Suid-Afrika aangedui?*
- *Het u na die* ***universele beginsels*** *in die benadering tot kurrikulumontwikkeling verwys?*
- *Het u die impak van hierdie benaderings met betrekking tot kurrikulum* ***interpretasie*** *bespreek?*
- *Skryf u duidelik en samehangend? Het* ***u opstel*** *'n inleiding en 'n gevolgtrekking? Bestaan dit uit paragrawe wat elk 'n hoofidee bevat? Is daar 'n logiese vloei van idees van een paragraaf na die volgende?*
- *Bied u 'n duidelike, goed gemotiveerde argument aan?*

**HIERDIE IS ‘N VOORBEELD!**

Suid–Afrika het ‘n radikale transformasie van onderwys en opleiding onderneem tussen 1989 en 1994, en dit opgevolg met ‘n reeks hersienings van die kurrikulum. Een van die moeilikste aspekte van die aanvanklike transformasie was die gebruik van die UGO benadering wat die grondslag vorm van K2005. In K2005 is daar gepoog om aspekte van al drie benaderings wat bespreek is in te sluit, maar net soos daar spanning was tussen die verskillende benaderings van Tyler, Stenhouse en Freire, was daar spanning tussen die verskillende aspekte van die beleid. Tyler het die nouer of eng definisie van “kurrikulum” gebruik, Stenhouse het die breë definisie bepleit terwyl Freire eenvoudig aangeneem het dat ‘n wyer definisie geldig is. Dit was slegs die beginpunt. Die hoofdebat het gegaan oor wat in ‘n kurrikulum **ingesluit** moet word en hoe dit benader moet word. Vir hierdie rede het die verskillende benaderings handige instrumente geword om ons begrip en interpretasie van K2005, beide die hersiening en die aangepaste KBV, bekend as die Kurrikulum en Asseserings Beleidsverklaring (KABV) in te skerp.

**Benaderings tot kurrikulumbeplanning volgens Tyler, Stenhouse en Freire: 'n opsomming**

| Ralph Tyler | Lawrence Stenhouse | Paolo Freire |
|---|---|---|
| Beskou die kurrikulum as 'n produk. (doelwitbenadering) – lineêre fokus op die eindproduk / kan nie in die middel vertak nie. | Beskou die kurrikulum as 'n proses – doelwitte is nie van die begin af uiteengesit nie, maar verander soos 'n mens aangaan. Kennis moet spekulatief wees. | Dink oor die doel van die kurrikulum – moet dien om leerders te bevry om verbande te kan trek en taal, ervarings en hul daaglikse stryd te verstaan. |
| Doelwitte, inhoud, metodes en opeenvolgende vrae. | Riglyne en professionele ontwikkeling is belangrik. Leerders behoort te weet hoe om die inhoud te hanteer. Begrip en kriteria staan sentraal in die proses. | Intellektuele, sosiale en politieke bevryding – hoe leerders oor die kennis voel / of ervarings in die daaglikse lewe gebruik kan word. |
| Opvoedkundige doelwitte, ervarings ensovoorts is belangrik. | Doen navorsing terwyl onderrig gegee word, evalueer tydens navorsing, verander in die proses van doelwitbereiking. | Die manier waarop ons onderrig mag die leerders verander – altyd polities (leerders bemagtig of inburger). Onderhandel met die leerders. |
| Doen navorsing om die beste inligting te kry wat in die kurrikulum ingesluit kan word /evalueer die inhoud. | Toets die proses uit, pas dit aan en evalueer dit om uit te vind of dit 'n verligte proses is. Leerders moet in die leerproses verander. | Leerders moet in staat wees om oor die waarde van leer na te dink. |

Die volgende **universele beginsels** van die benaderings tot kurrikulum en ook tot onderrig en leer, is deel van die sienings van Tyler, Stenhouse en Freire:

- Ervaringsleer
- Helderheid van fokus
- Uitgebreide geleenthede
- Omskryf uitkomste, oogmerke en doelwitte
- Belangrikheid van kennis, vaardighede en waardes
- Bewyse van prestasie
- Individuele leer
- Wat en waar daar geleer word is belangriker as wanneer daar geleer word.

Tyler bepleit gestruktureerdheid in die onderrig – leer situasie en redeneer dat daar **helderheid van fokus** moet wees betreffende wat jy wil onderrig, hoe jy wil onderrig en hoe jy wil assesseer. Daarom is die eerste stap in effektiewe onderrig die duidelike formuleer van **doelstellings** terwyl die konteks in gedagte gehou word. Die onderwyser moet vier basiese vrae stel:

1. Wat is die onderwysdoel wat die skool wil bereik? (Met “doel” verwys Tyler na die gedragsvormende doelstellings wat geformuleer word vanuit drie bronne: die vakinhoud, die leerders en die samelewing).
2. Watter onderwys ervarings kan ons insluit om hierdie doel te kan bereik?
3. Hoe kan hierdie onderwys ervarings effektief georganiseer word?
4. Hoe kan ons bepaal of hierdie doel bereik word?

Tyler redeneer dat **individuele leer** sal verseker dat elke leerder die gestelde doelstellings sal bereik. Ons kan hieruit aflei dat die onderwys ervarings ontspruit uit die doelstellings, wat gebaseer is op ‘n situasie analise (leerder, vak, samelewing) en dat die doelstellings gefiltreer word deur ‘n filosofiese/psigologiese benadering voordat dit gefinaliseer word. Dit is belangrik om landsburgers te ontwikkel tot persone wat probleemoplossend te werk gaan en deelneem aan demokratiese prosesse.

Die beginsels hierbo genoem in gegrond in die bevoegdheids gebaseerde onderwys beweging en in bemeesteringsleer. Dit is gebaseer op die veronderstelling dat ons leerders kan help om doelgerigte en betroubare bewyse van prestasie te lewer. Hierdie model fokus op die vereiste dat gunstige leertoestande wat betref tyd, onderrig stategieë en leersukses geskep moet word.

‘n Dieper ontleding van bemeesteringsleer toon dat Stenhouse se siening van die onderrig-leer proses insluit dat leerders voorberei moet word vir die susksesvolle vervulling van ‘n verskeidenheid rolle in die lewe. Dit is belangrik om die proses te toets, aan te pas en te evalueer om te sien ‘n verhelderende, toepaslike proses is en op die manier word **uitgebreide geleenthede** vir die gebruik daarvan geskep. Stenhouse het die belangrikheid van navorsing gedurende onderrig beklemtoon en om die roete van terugwaartse ontwerp te volg sodat die onderwyser die onderrig – leer omgewing kan aanpas volgens die konteks en die leerders se behoeftes. Die leerder moet verander gedurende die onderrig – leer proses sodat inligting geinternaliseer word en eie opinies gevorm word.

Bemeesteringsleer gaan daarvan uit dat alle leerders die verwagte onderrig uitkomste kan bereik indien gunstige leertoestande soos buigsaamheid, genoeg tyd en alternatiewe leermetodes daargestel word. Freire het op hierdie aspekte gefokus, hy wou verseker dat onderwysers en kurrikulum ontwikkelaars nuttige onderwys ervarings gebruik wat aan die werklike lewe gekoppel is. **Ervaringsleer** is uiters belangrik, leerders moet kan nadink oor die waarde van leer. Wat hier ook oorweeg moet word is die persepsie van hoe die ideale leerder in ‘n spesifieke veld daar moet **uitsien**, hoedanig die leerder moet **optree** en hoe die leerder moet **dink.** Freire het dit belangrik geag om spesifieke kennis te identifiseer vir die bemeestering van vaardighede wat in die praktyk toegepas kan word en kan dien om refleksie en aksie te konnekteer.

**Die impak van hierdie benaderings op die interpretasie van kurrikulums**

As die benaderings wat hierbo beskryf is omgesit word in onderrig en leer beginsels, metodologie, die gebruik van leermateriaal en assessering, impliseer die gee van onderrig om die leerder te voorsien van leer ervarings en begeleiding, ondersteuning en bemiddeling by die ontwikkeling van begrip van die leerinhoud.

Leer veronderstel nie slegs die ontwikkeling van die leerder se kennis nie, maar ook die leerder se verstaan van konsepte, vaardighede, aktiwiteite en waardes. Hierdie aspekte moet gebaseer wees op interaksie tussen die onderwyser, die leerder, die konteks en die inhoud. Leer is relevant tot situasies in die werklike lewe en die ervarings van die leerder, gevolglik kan kruis-kurrikulêre integrasie van kennis en vaardighede die leerder beter voorberei vir die werklikheid en die beroepslewe.

Onderrig strategieë moet kortliks onderrig, kritiese denke en redenering, refleksie en aksie insluit. Leerders moet verantwoordelikheid aanvaar vir eie leer deur aktief betrokke te wees by die onderrig – leer proses. Dit beteken dan ook dat die onderwyser 'n verskeidenheid benaderings en hulpmiddels moet gebruik om sodoende verskillende leerstyle te akkomodeer.

Assessering word beskou as 'n integrale deel van onderrig en leer, dit vind deurlopend plaas en daar word gebruik gemaak van 'n wye verskeidenheid tegnieke bykomend tot toetse. Terugvoer na assessering is 'n waardevolle ondersteuning van leer.

**(20)**

**Vraag 3**

**MEMORANDUM** (bladsye 91– 92).

Redes waarom lessteunmateriaal gebruik word, kan die volgende insluit:

- Indikasies van wat gedurende die les verwag word
- Stimuleer dialoog en refleksie op vrae soos: Hoe persoonlike opinies en praktiese onderrig by mekaar aansluit? Kan die materiaal gebruik word vir die voorbereiding van die les, en hoe? Watter reaksies en leeruitkomste kan van leerders verwag word?
- Verskaf spesifieke riglyne vir die gebruik in praktyk
- Voorkom vroeë afwatering van die nuwe benadering tot inhoud en pedagogiek en moedig verandering en eienaarskap aan van nuwe benadering
- Verskaf 'n basis vir die uitruil van ondervinding, terugvoer, bespreking en refleksie
- Moedig onderwysers aan om eie materiaal te onwerp en om meer selektiewe, kreatiewe en ingeligte besluite neem rakende die gebruik van bestaande handboeke en onderrigmateriaal

Die onderwyser behoort die volgende in gedagte te hou wanneer onderrigmateriaal gekies word wat kan lei tot effektiewe implementering van die kurrikulum:

- Die materiaal het 'n modulêre en buigbare ontwerp en struktuur
- Die materiaal opper vrae oor essensiële en belangrike aspekte van lesbeplanning, vak-inhoud, die rol van die onderwyser, assessering en toetse

- Die materiaal vertoon 'n balans tussen verskaffing van konkrete voorstelle en prosedures en streng voorskfite.

Konkrete en gespesifiseerde riglyne vir die gebruik van materiaal bly noodsaaklik – veral in die vroeë stadium van implementering – sodat onderwysers aktief gehelp kan word om meer gemaklik met die voorbeeldmateriaal om te gaan. Dit sal onsekerheid en 'n gevolglike voortydige wysiging van beplanning en ontwerp van onderrig help voorkom.

Hoe sorgvuldig voorbeeldmateriaal ook al ontwerp word, is die uitsluitlike gebruik van voorbeeldmateriaal vir indiensopleiding beperkend en dit behoort gebruik te word as deel van meer omvattende onderwysersopleidingsprogramme. Doeltreffende opleidings-programme sluit aktiwiteite in wat samewerking met en hulpverlening deur kundiges en kollegas bevorder deur die deel van ervarings, kollegiale terugvoer, refleksie-in-aksie en refleksie-op-aksie rondom die voorbeeldmateriaal. Virtuele onderwysernetwerke kan 'n rol speel in verdere opleiding. Multimedia-aanbiedings met visuele uitbeelding van die beoogde onderrigpraktyk voeg waarde by tot die opleiding.

Wanneer lessteunmateriaal ontwikkel word, moet onderwysers rekening hou met die interaktiewe siklus van analise, ontwerp, ontwikkeling en evaluering waar daar met die kurrikulum gewerk word. Die volgende aspekte moet by die ontwerp van alle onderrigmateriaal in gedagte gehou word:

- Die eerste stap is om die funksies en eienskappe van die lessteunmateriaal wat ontwikkel moet word, vas te stel. Dit word gedoen aan die hand van 'n analise van die literatuur, die konteks en die behoeftes van die teikengroep.
- Toetsing van die effektiwiteit van lessteunmateriaal kan observering van lesbeplanning en lesaanbieding sowel as onderhoude insluit, om sodoende insig te kry in die onderwyser en leerder se ervaring daarvan.
- Die onderwyser maak gebruik van vakkundiges of fase-deskundiges wat hoëkwaliteit onderrigmateriaal ontwikkel in terme van relevansie, konsekwentheid, praktiese haalbaarheid en effektiwiteit. Dit dra by tot die professionele ontwikkeling van onderwysers en brei hul kennis van die ontwerp van materiaal uit.

Onderwysers behoort die praktiese haalbaarheid, toepaslikheid en effektiwiteit van onderrigmateriaal te assesseer. Dit kan slegs gedoen word nadat onderwysers en leerders die onderrigmateriaal in die onderrig-en-leersituasie gebruik het.

**ENIGE 10 RELEVANTE FEITE**

**(10)**
**TOTAAL 50 X 2 = 100**

Alles van die beste met u voorbereiding vir die eksamen!

***Prof EC du Plessis***
E-pos: dplesec@unisa.ac.za
Faks : 0866343996
Tel: 0828093903